



AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 11

VRAESTEL 1

LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NOVEMBER 2018

PUNTE: 70

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

Afdeling A: Leesbegrip	(30)
Afdeling B: Opsomming	(10)
Afdeling C: Taalstrukture en –konvensies	(30)
2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
4. Trek 'n lyn na elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Voorgestelde tydsindeling:

Afdeling A: 50 minute
Afdeling B: 30 minute
Afdeling C: 40 minute

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg:

ARTIKEL**DIE MEER SONDER OPHOU**

1. lewers na links begin die waterpas lyn van 'n groot plas water sigbaar raak. Dan raak dit duideliker en blouer, en wanneer die teerpad uiteindelik teenaan die meer loop, voel dit amper asof die Malawimeer hier by die passasiersvenster instroom.
2. Nou lê die byna 600 km lange Malawimeer soos 'n tamaai ryp piesang voor my. Ek en my reisgenoot, Bella Matambanadzo, kyk vir mekaar en glimlag. Ná weke se rondry in dorre dele van Afrika voel dit asof ons by die see aankom. Dis my eerste keer in die land, maar soos ek verstaan, is Malawi eintlik maklik om te verken: Hou teen die meer en skuifel van die een luilekker oord na die volgende. En as jy moeg is vir die meer, kan jy gou "binneland" toe swaai vir 'n wildreservaat of wat. Kom ons skil dié piesang!
3. Ons ry verby kremetartbome en landerytjies waar kassawa, aartappels en selfs katoen staan. Na die weste toe styg mooi berge uit die meer se vloedvlakte.

4. Karonga is die eerste groot dorp as jy die land van die noorde af binnery. Ons stop om die Condor vol petrol te maak, geld te trek en iets te eet. Laasgenoemde kry ons by die Amazon Restaurant & Take-away, waar Macey Amazon, die eienaar, self in die kombuis woel.
5. Ons lê weg aan 'n groot porsie chambo-vis (een van die meer se beste eetvisse wat ook die gunsteling is van die nuwe staatspresident, Joyce Banda, só vertel Macey), rys, sous en 'n soort spinasie. Bo-oor gooi ek 'n spatseltjie Nali Hot, 'n gewilde plaaslike rissiesous.
6. Karonga is bekend vir sy fossielvondste soos die Malawisourus, wat in die jare tagtig in die distrik opgegrawe is. Toe ons die dorp ingery het, was 'n troupaartjie besig met 'n fotosessie by die verkeersirkel waarop 'n beeld van dié oerdier staan.
7. Dis Saterdagmiddag, maar die plaaslike museum is oop. Ons stap deur die netjiese uitstalling wat borduur op die Malawisourus en ander plaaslike geskiedenis.
8. Toe ons 'n halfuur later wil ry, roep die kurator ons nader. "Do you want to see a cow giving birth?" Net agter die museum lê 'n koei steunend op die gras. Vyf minute later glip die kalf uit en Moeder begin skoonlek tot die knapie deel voel van sy nuwe wêreld.
9. Dis onnodig om te sê, maar dis dinge soos dié wat ons almal so lief maak vir Afrika. Só iets sou nooit op die grasperk buite Washington se Smithsonian-museum gebeur het nie. Ons draai af by Sangilo Sanctuary-lodge.
10. Ek bestel summier 'n Carlsberg Stout. Carlsberg word plaaslik gemaak, en hulle vier soorte bier oorheers die mark. As jy 'n gewone een bestel, vra jy sommer net vir 'n "green", want die etiket is groen. Dan's daar die Spesial Brew, Stout en 'n lae-alkoholweergawe wat Kuche Kuche genoem word (die naam beteken blykbaar "jy kan heelaand drink sonder om dronk te word").
11. Vandag los ek en Bella die meer op sy eie, en mik na Livingstonia, 'n sendingdorpie bo-op die aanliggende plato. Die Condor gee die berg een kyk, runnik behaaglik, en dan vat ons hom. Dis nie 'n pad wat jy gou gaan vergeet nie. Gelukkig is van die haarnaalddraaie met sement gegooi, maar hier's genoeg vreesaanjaende groot klippe, angswekkende afgronde en skerp draaie waar jy wens jou kar kon in die middel knak soos een van daai buigstrooitjies.
12. Dit neem 'n driekwartier om tot bo te kom, maar dan is jy nog nie by Livingstonia nie. Daarvoor moet jy nóg verder op, maar genadiglik op 'n makker stuk pad.
13. Die Livingstonia-sending was oorspronklik – in 1875 – by Kaap Maclear, verder suid, gesetel. Dis genoem na David Livingstone, maar gestig deur dr. Robert Laws, een van die vele mense wat deur Livingstone se werk in Afrika geïnspireer is om hier te kom moue oprol.
14. In 1881 is die sending verder noord geskuif na Bandawe (naby Chintheche), maar malaria langs die meer het Laws in 1894 gedwing om dit hoër te skuif. Dié slag het hy 'n plek gekies wat hoog bo die water is, weg van die muskiete. Die sendingkerk is 'n statige steengebou waar Obed Mkandawire, die opsigter, ons verwelkom en rondwys.
15. Ek en Obed klim teen die steil stel trappe in die kloktoring uit. Obed is op Kersdag in 1973 gebore in Zambië, waar sy pa in myne gewerk het. "But this place is now my home," vertel hy met 'n stralende gesig.
16. Dis 'n goeie plek vir 'n kerk, 'n plek om aan nuwe hoofstukke in jou lewe te kom werk. Hier aan die bopunt van 'n pad wat lag vir die dood – hier, so naby aan die wolke self.

Uit: *Weg!* Maart 2013

- 1.1 Na watter meer verwys die titel? (1)
- 1.2 Verduidelik die frase "... die waterpas lyn van 'n groot plas water ..." (sin 1) (1)
- 1.3 Wat suggereer die skrywer met die meer wat "by my passasiersvenster instroom." (paragraaf 1) (1)
- 1.4 Waarom is die vergelyking "soos 'n tamaai ryp piesang ..." 'n goeie keuse? (paragraaf 2) (1)
- 1.5 Wat impliseer die skrywer met berge wat uit die meer se vloedvlakte styg? (paragraaf 3) (2)
- 1.6 Hier groei aartappels, kassawa en katoen. Wat dink jy sou kassawa wees? (paragraaf 3) (1)
- 1.7 Is die chambo-vis wat in hierdie meer voorkom, se smaaklikheid 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (paragraaf 5) (1)
- 1.8 "Karonga is bekend vir sy fossielvondste" (paragraaf 6). Gebruik die hooftoon van vondste in 'n gepaste sin. (1)
- 1.9 Verduidelik wat die Malawisourus in paragraaf 6 is. (2)
- 1.10 Die skrywer noem dat sekere dinge 'n mens lief maak vir Afrika. Noem EEN aspek wat j^ou lief maak vir Afrika. (1)
- 1.11 Verduidelik kortliks die vergelyking tussen hierdie Afrika-museum en die Smithsonian-museum in Washington. (2)
- 1.12 Die plaaslik vervaardigde Carlsberg-bier is ter sprake. Waarom vra 'n mens vir 'n "green" as jy 'n gewone een bestel? (1)
- 1.13 Wat word geïmpliseer met "Vandag los ek en Bella die meer op sy eie ..." (paragraaf 11) (2)
- 1.14 Dink jy die Condor beur swaar teen die berg uit as hy "behaaglik runnik". Motiveer jou antwoord. (paragraaf 11) (1)
- 1.15 Watter geïmpliseerde boodskap is vervat in die beskrywing van die pad in paragraaf 11? (2)

- 1.16 Livingstonia is vernoem na David Livingstone, maar gestig deur dr. Robert Laws – een van vele wat deur Livingstone geïnspireer is om in Afrika te kom moue oprot. Verduidelik die onderstreepte frase. (1)
- 1.17 Wat het Laws gedwing om die sendingstasie na Chintheche te skuif? (2)
- 1.18 Wat verstaan jy onder die woord sendingkerk? (paragraaf 14) (1)
- 1.19 Waarom sou Obed, wat in Zambië gebore is, nou hierdie plek as sy huis beskou? En wat in sy vertelling sê vir die leser dat hy baie gelukkig is? (3)
- 1.20 Hoekom dink jy, sou die skrywer hierdie spesifieke plek as 'n goeie plek beskou om aan nuwe hoofstukke in jou lewe te kom werk? (3)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

- 1 Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SEWE feite waarom Edik van Nantes vir Nataniël nie net nog 'n kosprogram is nie, maar 'n nuwe begin in die stad, Nantes, Frankryk.
- 2 Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- 3 Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- 4 Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.
- 5 Telegramstyl is nie toelaatbaar nie.

'n NUWE BEGIN, SÊ NATANIËL

Edik van Nantes Winter is nie 'n einde of 'n afskeid nie, dis bloot net nog 'n tree op my pad saam met hierdie geliefde stad. Ek was al in vele groter en meer beroemde wêreldstede, maar van die eerste dag hier, nege jaar gelede, het ek tuis gevoel en was ek verlief op elke straat met sy behoeftes en skoonheid.

Nantes word Klein-Parys genoem deur die Franse, en met reg. Vele dakke en vooraangesigte van sy geboue is replikas van bekende geboue in die hoofstad. Die winkels waarvoor jy gewoonlik Parys toe gevlieg het, het takke in Nantes. Selfs Habitat, my gunsteling-Britse winkel, is in Nantes. Dis Parys sonder die aggressie of oormaat toeriste.

Omdat hier baie groot universiteite is (die vorige nywerheidsgebied word nou ontwikkel as 'n studentestad), Airbus hier massiewe fabriek het en dit net 'n paar minute is voordat jy land op Gatwick buite Londen, is die meeste mense hier Engels magtig en sukkel jy nie vir 'n oomblik om te kommunikeer nie. Dit maak 'n vakansie of 'n werksprojek ewe maklik.

Edik van Nantes Winter is geïnspireer deur die koue en die kos wat hier in die winter voorgesit word. Die grootste deel van die jaar is Europa koud en word die heerlikste disse tafel toe gedra. Ek wou dit graag met die kykers deel. Ook die lewe in 'n tipiese dorpie uitgebeeld op 'n manier wat kykers dit saam met ons kan beleef.

En die klere! Ek gee met liefde die son en die see aan elkeen wat dit wil hê; my hart klop toegedraai in luukse jasse, serpe, stewels en handskoene.

Daar is baie lande, baie stede en baie mense op aarde, en niks of niemand is perfek nie, maar wanneer jy uiteindelik, al is dit hoe laat in jou lewe, in 'n plekkie beland met dieselde prioriteite as jou eie, vind jy 'n geluk en 'n genesing wat nie verduidelik hoef te word nie. Dis net reg!

Bron: Uit *Sarie*, Junie 2018

TOTAAL AFDELING B: 10

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



ONTSPAN in die berge

Eden Lodge naby Magaliesburg is die ideale wegbreekplek vir die winter. Dit is net 'n klipgool buite die stad, maar hier sal jy ongelooflike stilte en ontspanning kan beleef. As jy opsoek is na goeie diens, gesonde etes en verkwikkinge vir jou liggaam en siel, is Eden Lodge net die plek vir jou. Boonop is hierdie plattelandse hotel sinoniem met gemak, romanse, kwaliteit famelietyd en konferensiefasiliteite uit die boonste rakke. Le Chique, die spa by Eden Lodge, bied 'n verskeidenheid behandelings wat belooft om jou goed te laat voel én lyk. Die rustige Magaliesrivier vloei deur die pragtige tuine en jy kan ook uitsien na professionele skoonheidsbehandelings, elegante akkommodasie, kaggels in die sitkamers en ook twee kroëë. Verder kan jy kom luister na die meer 356 spesies voëls wat in hierdie unieke omgewing kom nes maak het.

SPEZIALE AANBOD

Van 1 JUNIE TOT 31 AUGUSTUS 2014 kan paartjies akkommodasie met ontbyt en aandete ingesluit, asook 'n rug- en nekmassering kry teen die volgende tariewe:

- Standaardkamer teen R3 367 vir een nag en R5 150 vir twee nagte
- Luukse kamers teen R3 525 vir een nag en R5 930 vir twee nagte
- Superieure kamers ten R4 288 vir een nag en R6 790 vir twee nagte (Alle pryse is per paartjie)

Skakel Eden Lodge by 014 975 2767, of stuur 'n e-pos na res@edenlodge.co.za vir meer inligting.
Maak ook 'n draai by die webwerf www.edenlodge.co.za

 **EDEN**
Lodge
MAGALIESBERG
★★★★★

Uit: *Naweek-Beeld*, Maart 2015

- 3.1 Voorsien 'n antoniem vir "kwaliteit" (sin 4) (1)
- 3.2 Gee die meervoud van "aanbod" (sien kassie) (1)
- 3.3 Wat beteken die uitdrukking "uit die boonste rakke"? (sin 4) (1)
- 3.4 Skryf R3 367 uit in woorde (sien kassie). (1)
- 3.5 Vervang die voegwoord in die tweede sin met 'n ander neweskikkende voegwoord sonder om die betekenis van die sin te verander. Skryf die sin volledig uit. (1)
- 3.6 Skryf 'n korrekte onvoltooide deelwoord vir "soek" (sin 3) neer. (1)
- 3.7 Verskaf die verkleiningsvorm vir "kroeë" (sin 5). (1)
- 3.8 Vervang die neutrale woord "goeie" (sin 3) met 'n emotiewe woord. (1)
- 3.9 Brei "Kan jy kom luister ..." (sin 6) uit met 'n bywoordelike bysin van tyd. (1)
- 3.10 Bepaal die sinswyse van "hier sal jy ongelooflike stilte en ontspanning kan beleef" (sin 2). (1)

TOTAAL: 10

VRAAG 4: STROKIE

Lees meegaande strokie en beantwoord die vrae wat volg:



Uit: *Taalgenoot*, Oktober 2007

- 4.1 Skryf die afkorting ATKV volledig uit. (1)
- 4.2 Gee die oortreffende trap van die woord bietjie in spraakborrel 2. (1)
- 4.3 Verduidelik in jou eie woorde wat met die woord "chaperone" bedoel word. (1)
- 4.4 Hoe word die tydsverloop tussen raampies 6-5 asook 6-7 aangedui? (1)

- 4.5 Wat gebeur wanneer die woord presies (raampie 5) uitgespreek word as persies? (1)
- 4.6 Haal 'n woord met 'n diftong aan uit raampie 1 en onderstreep die diftong. (1)
- 4.7 Verduidelik kortliks in een sin wat die tweeledige probleem is waarmee ons hier te doen het. (2)
- 4.8 Hoe voel die twee seuns oor die oplossing van die probleem? (2)

TOTAAL: 10

VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

DIE EILAND VIR UITHANG

1. Zanzibar is vakansie. Vier weke lank het ek van Kaapstad af gery, deur Botswana, Zambië en Tanzanië. Ek het gekamp, slagatpaaie gery en daaglik stof gesluk.
2. Maar hier gaan ek leeglê. En dis presies wat Zanzibar van jou verwag as toeris. Ons het net twee aande; dus gaan ons nie eens probeer om die hele eiland te “doen” nie. (Dis veel groter as wat ‘n mens dink – omtrent 85 km van noord na suid.)
3. Stone Town het meer as genoeg aksie vir twee dae: Ons kan rondstap deur die smal straatjies, uithang in straatkafees, en ‘n dagtoer inpas. As jy eers die sewe ouens ignoreer wat ‘n CD met Afrikamusiek om elke hoekie en draaitjie aan jou probeer smous (hulle sing vir jou die liedjie “Jambo! Jambo, bwana!”), word Stone Town eintlik ‘n maklike plek om te verken.
4. Net daar in Mercury’s sit ek met my gidsboek en bel ‘n paar gastehuse. Hier is ‘n filmfees aan die gang hierdie naweek, en die eerste vier plekke wat ek bel, is vol. Maar dan is ek gelukkig. Die Abuso Inn blyk ‘n goeie keuse te wees, want dis stapafstand van die hawe, en uit ons tweedeverdieping-hoekkamer sien ons selfs ‘n snars see.
5. Ons koop geskenke en poskaarte en ek neem foto’s dat dit klap. Dis lag-lag een van die mees fotogeniese plekke waar ek al was: Huisdeure wat fyn uitgekerf is, teksture teen die mure, karaktervolle mense, die mark vol kleure van speserye, vrugte, klere. Teen sonsondergang stap ons na die aandmark langs die see. Dit voel asof die hele Stone Town nou hier is om te kyk hoe die son sak, hoe die laaste vissers iinkom vir die aand. Hier is baie toeriste, maar ook mense wat duidelik hier woon, want die kos is bekostigbaar (al is daar seker maar altyd ‘n toeristeprys wat effens duurder is...).
6. Die seekos verstom my: Enigiets van tuna en marlyn tot oesters en seekrap wag hier om verorber te word. Vanaand eet Mister Beard homself kis.
7. Na ontbyt die volgende oggend sluit ons ons by ‘n toergroepie aan en ry met ‘n bussie noordwaarts uit die dorp. Ons gids is Abdullah Suleiman Abdullah. Zanzibar is al eeue lank bekend vir sy speserye – veral naeltjies – en ‘n speserytoer na ‘n klein plaas waar al die verskillende bome en plante naby mekaar groei, gee jou die kans om te sien waar die speserye vandaan kom wat ons gewoonlik net ken as ‘n fyngemaakte ding in ‘n botteltjie op die kombuisrak. Later stop ons by ‘n kardemomplant en ruik ook aan sitroengras en gemmer. Kaneel kom van die binnebas van ‘n mooi boom. Van die blare word tee gemaak, en die wortels, wat soos Vicks ruik, word vir medisyne gebruik. Ons vat en snuif en proe, oe en aa.
8. Van die plasie af ry ons na die nabygeleë Mangapwani-slawegrot, ‘n somber plek om ons dagtoer af te sluit. Lank nadat die slawehandel wêreldwyd verbied is, het dit voortgeduur uit Zanzibar. Nadat slawerny in 1873 hier verbied is, is die grot blykbaar nog tot in 1907 gebruik om slawe weg te steek voor hulle snags op skepe gelaai is.
9. Oorkant die water, aan die kus van Tanzanië, is die hawedorp Bagamoyo. Hier het die meeste slawe hulle vasteland die laaste keer gesien. Die naam Bagamoyo beteken, so vertel Abdullah ons, “waar jy jou hart agterlaat”.

Uit: *Weg!* Maart 2015

- 5.1 5.1.1 Vervang die woord “doen” (paragraaf 2) met die korrekte Afrikaanse woord. (½)
- 5.1.2 Gee ‘n sinoniem vir CD (paragraaf 3). (½)
- 5.2 5.2.1 Gee ‘n wisselvorm vir restaurant. (½)
- 5.2.2 Die toergids, Abdullah Suleiman is ‘n Moslem en die skrywer van die artikel ‘n Christen. Gee die vroulike vorm van Christen. (½)
- 5.3 5.3.1 Voltooi deur die korrekte gesegde te voorsien:
Na die filmfees het al die resensente die film groot lof _____. (½)
- 5.3.2 Tot watter woordsoort behoort kardemomplant? (paragraaf 7). (½)
- 5.4 Vorm ‘n byvoeglike naamwoord van Tanzanië in die onderstaande sin:
Gedurende naweke besoek die (Tanzanië) mense Stone Town graag. (½)
- 5.5 Wat noem ons die inwoners van Zanzibar? (½)
- 5.6 Gebruik slaggat in slaggatpaaie (paragraaf 1) konnotatief in ‘n sin. (1)
- 5.7 Skryf die onderstaande sin uit paragraaf 9 oor in die lydende vorm:
Hier het die meeste slawe hulle vasteland die laaste keer gesien. (1)
- 5.8 Brei die volgende sin uit met behulp van ‘n byvoeglike bysin en onderstreep die byvoeglike bysin:
Hier is die naweek ‘n filmfees aan die gang (paragraaf 4). (1)
- 5.9 Herskryf onderstaande sin in die ontkennende vorm:
Almal gaan vanoggend op die speserytoer (paragraaf 7). (1)
- 5.10 Gebruik die skeibare werkwoord in paragraaf 2 as twee woorde in ‘n nuwe sin. (1)
- 5.11 Haal ‘n infinitief uit paragraaf 8 aan en vorm ‘n selfstandige naamwoord van die werkwoord. (1)

TOTAAL: 10**TOTAAL AFDELING C: 30****GROOTTOTAAL: 70**